DEEL 116 | WEEK 17 | 26 APRIL 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Lang toue iets van die verlede



*Op die foto agter: Johannes Els: Hoof van Cofco se verhandelingsafdeling, Dirk Strydom: Graanbemarker, Ters Pretorius: Brinelda, Abrie Pretorius: Brinelda, Mike Henn: Assistent-bestuurder by die Brinelda Cofco depot en Eghart van der Westhuizen: Hoof van oliesadeboek by Cofco Voor: Lollie Pretorius: Brinelda, Henlo Pretorius: Brinelda en Nicola Pretorius: Brinelda*

Brinelda Graandepot in samewerking met Cofco (China Oil and Foodstuffs Corporation) het Woensdag amptelik hulle deure geopen. Die depot is 'n boerdery vertakking van die Pretorius-familie en onafhanklik van Telwiedré Voere. Die opening van die Brinelda depot is 'n baken van vernuwing en samewerking vir die graanboere van Heilbron en die omliggende gebiede. Met 'n sterk fokus op effektiewe voer- en graanbestuur, beloof hierdie besigheid om 'n welkome toevoeging tot die landbou-ekonomie te word.

Brinelda Boerdery bestaan uit 'n hoenderboerdery met 'n braaikuiken-eenheid, 'n kommersiële Bonsmara kudde, 'n voerkraal waar hulle ook met een been in die waardeketting wil tree, en 'n saaiboerdery, met die nuwe graan opbergingsfasiliteit wat 'n belangrike toevoeging tot hul waardeketting verteenwoordig.

Cofco is 'n Chinese voedsel-verwerkingsgroep. Dit is een van China se grootste voedselverwerkings-, vervaardigings- en handelsondernemings. Hulle het diverse bedrywighede in landbou en voedselproduksie, insluitend graanaankope en -handel, olieverwerking en voedselvervaardiging. Die Pretorius-familie doen al vir baie jare met Cofco besigheid in die voerafdeling van Telwiedré. Dit was 'n natuurlike stap om Cofco in te bring by die graandepot, veral omdat hulle baie kontakte het met 'n goeie reputasie in die graanketting.

Die besluit om 'n graan opbergingsfasiliteit in Heilbron op te rig is geneem omdat daar vir baie jare slegs een opbergingsfasiliteit vir boere in Heilbron was. Nou is daar skielik drie, wat 'n welkome toevoeging is vir die plaaslike landbougemeenskap. Die Pretorius-familie glo dat kompetisie altyd 'n goeie ding is, maar in werklikheid is hulle nie eintlik kompetisie vir mekaar nie. Die groot rede hoekom die fasiliteit opgesit is, was om hulle graanboerdery te komplimenteer en saam met dit ook Telwiedré Voere. Dit het die familie die geleentheid gegee om graan beskikbaar te kry wat hulle kan gebruik in die voerbesigheid, maar ook ŉ baie koste-effektiewe afsetgebied van waar hulle graan uit die saaiboerdery kan lewer. Abrie Pretorius, seun van Ters Pretorius en bestuurder van die Brinelda depot glo dat hulle boere se besighede sal komplimenteer en vir die langtermyn baie goeie opsies en premies sal bied. Daar is 'n toegewyde graan-verkrygingsagent wat persoonlik met boere werk en hulle portefeuljes op individuele basis sal bestuur. Brinelda Graandepot ontvang tans sojabone wat in silo-sakke gestoor sal word, asook witmielies. Die geelmielies word in die bunker geberg. Huidig kan die depot 10 000 ton sojabone ontvang, 40 000 ton geelmielies en 5000 ton witmielies. Standaard gradering regulasies word tydens die graderingsproses toegepas.

Elke kommoditeit gaan net soos by ander rolspelers deur dieselfde graderingsproses, verduidelik Pretorius. Die bekende gesig van Mike Henn sal boere by die depot verwelkom. Daar is groot toekomsplanne vir die Brinelda depot. Abrie verduidelik dat daar 'n meesterplan is waarheen hulle werk. Hulle sal in die toekoms aflaaipunte stig, waar boere kan aflaai en oplaai ongeag van die weerstoestande. Daarmee saam ook silo-buise wat die bestuur van graan sal vergemaklik met deurligtingsvloere, om hulle vog af te bring, asook 'n sif om graan skoon te maak en 'n makrodroër met die kapasiteit van ongeveer 100 ton per uur. Hulle wil dit doen op só 'n manier dat die kapasiteit genoeg is, en dat nie net een ding op 'n slag gedoen kan word nie, maar waar boere kan aflaai, daar gesif kan word, uitgelaai word en graan gedroog kan word op dieselfde tyd.

AUTHENTIC Jerrycar

FINANSIËLE POS

VEREISTES:
BComm graad OF ten minste 3 jaar ondervinding in rekenkundige stelsels.
Innoverend
Hardwerkend
Vriendelik & Betroubaar

PLIGTE:
Pastel
Algemene kantoor verpligtinge
Administratief
Microsoft, Excel en Word

STUUR JOU CV: admin@jerrycar.com
Vir enige navrae kontak Koos Muller, 082 493 8378
Aansoeke sluit: 03 Mei 2024
Pos is gebaseer in Frankfort, Vrystaat.

BKB

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Jan-Hendrik Claassen: 074 490 5451

Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

HIGH FERT KUNSMIS HF
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# UIT DIE PEN:



## Week 17

Die ander dag stap ek gou van die werk af na 'n nabygeleë apteek. Daar stap 'n tannie, baie, baie stadig, voor my. Die tannie is redelik groot. Nou kyk: ek is nie geseën met 'n uurglaslyfie nie. Ek is meer gebou vir gemak as vir spoed, sê ek altyd.

Dit herinner my: So drie jaar gelede gaan koop ek vir my nuwe tekkies. Die ou tekkies is afgeloop en ek wil graag soortgelyke tekkies hê. Die jong man wat my help ken sy tekkies, laat ek jou dit vertel.

Hy haal 'n paar van rak af. "Hierdie tekkies is vir langafstandatlete, baie goeie tekkies." Hy is heel ernstig. Ek wys na my lyf.

"Jong man, lyk hierdie vir jou soos n langafstandlyf?" Ek probeer om my glimlag te sluk.

Hy sê: "Ek is nou terug." Hy verdwyn na die agterkant van die rak, en ek kan letterlik hoor hoe hy lag. Na 'n paar sekondes is hy weer terug. Ek bars uit van die lag, en ons altwee geniet die oomblik. Uiteindelik stap ek uit die winkel met my twee nuwe tekkies.

Kyk maar rondom jou: sommiges het ronder lywe as ander, sommiges is langer as ander. My een vriendin sê altyd dat haar lyf gelukkig voel by 1,65 m en 82 kg. Want sy kry nie die ander gewiggies afgeskud nie.

Het jy al opgelet: die meeste advertensies wat jy sien is van kos, en die ander soort is hoe om die gewig in toom te hou. Slaan 'n gesinstydskrif oop: daar is ten minste een resep vir 'n dekadente gereg en een artikel oor hoe om gesond en minder gerond te wees. Maar dis so moeilik. Ons hele samelewing is gesteld op gewig, wat natuurlik 'n effek het op jou gesondheid.

Ek stem saam: ons moet almal daarna streef om beter na onsself te kyk. Maar ten spyte van honderde probeerslae en duisend terugslae bly sommiges rond en ander kort. Jy mag nie eers meer 'n opmerking teenoor iemand anders maak wanneer die persoon probeer om 'n oorgrote lyf in ekstra klein kleertjies te sit nie. Dan is jy besig met "body shaming" en jy verkleineer ander en tas hulle regte aan.

Ek is al so bang om iets te dink, want sê nou net iemand kom agter dat ek dink hulle lyk soos lampskerms in daardie spesifieke uitrusting? Mens weet nooit hoe ver KI gevorder het nie…

Ek het in my lewe een persoon ontmoet wie gesukkel het om gewig op te tel. Sy het my vertel dat sy na ’n ander skool toe gaan omdat haar sielkundige dink dat sy daar beter gewig sou optel. Ek het, tot my groot spyt en skaamte, in haar gesig gelag. Ek het darem later verskoning gevra, maar ek dink ek was dadelik uit haar geskiedenis geskrap.

Eerstens het ek gewonder hoe ’n skool jou kan help om gewig op te tel? Dan bly ek eerder waar ek nou is. Begewe my tog van ’n instansie wat my willens en wetens laat gewig optel. Tweedens was dit vir my baie ongewoon dat iemand graag gewig wil optel. Ek weet dat daar sekere dieetsiektes is waar mense sukkel om gewig op te tel, en in my hart het ek soveel begrip vir hulle. Maar wanneer ek na myself kyk, kan ek my dit nie indink nie.

Terug na my stappie apteek toe: op pad soontoe dink ek aan ’n gediggie van AG Visser, wat ek weet sekerlik nie meer polities korrek is nie. Onthou julle nog vir Vet?

Lag gou saam met my.

*As ou tant Siena straat-op loop*
*Om antipon of spek te koop,*
*Sê dié wat pad maak: Dank die Heer!*
*En sit hul sware stampers neer.*
*Verlede Sondag in die kerk*
*Merk ek nog weer die wonderwerk,*
*Die eienaardigste geval:*
*Sy wou gaan sit, toe sit sy al!*
*Kom stipte meester Van der Dool*
*’n Paar minute laat op skool,*
*Dan sê die kinders: Weet jy wat?*
*Tant Sien was seker in sy pad!*
*’n Wewenaar wou met haar trou;*
*Die landdros sê: Nee, bog met jou!*
*Dink jy miskien dis hier Turkei?*
*Ons wet verbied veelwywery!*
*Wil jy as Volksraadslid gaan staan,*
*Roep haar byeen en spreek haar aan -*
*Maar jy alleen met haar gaan trou .......!*
*Jy laat my lag - wat pla vir jou?*
*Een Psalm van Dawid maak haar boos:*
*Dit stempel "vet" as "goddeloos":*
*"Indien men op hun voorspoed let,*
*Hun oogen puilen uit van vet!"*
*Suid-Afrika! So moes Van Wouw,*
*Presies soos sy, jou beeltnis hou:*
*Swaar die Verlede agter, hoor,*
*Maar groter nog die Toekoms voor!*
*Haar einde was besonder sag,*
*Al was dit ook ’n sware slag,*
*Haar val was sonder blaam of smet,*
*Die oorsaak van die dood: Net Vet!*

AG Visser sou definitief by die Menseregtekommissie aangekla gewees het so hy hierdie gediggie in 2024 geskryf het.

Solank ons net aanhou probeer om mooi na ons tempels te kyk. Ons is dit aan ons Skepper verskuldig.

TRANSNET
PHELOPHEPA
HEALTHCARE TRAIN IS IN TOWN
TRANSNET FOUNDATION

Frankfort Station, Free State
22 April – 26 April 2024
29 April – 03 May 2024

* Operational Days and Times: Mon - Friday (Includes Public Holidays) 7.30am - 4.00pm

Arrive early and remember to bring your clinic card,
Child Immunisation - Parents to bring the Road to Health Book
Treatment is scheduled on a first-come, first-serve basis.

Healthcare
Health education – free
Child Immunisation - Parents to bring the Road to Health Book


Cancer and diabetes educare
Diabetic screenings and cancer education – free
Pap smears – free
Prostate and breast screenings – free
Medicine – R5 per prescription

Eye clinic
Eye tests – free
All glasses – R30
Eye drops – R5
(Eye clinic services do not include operations or bifocals)

Counselling / psychology
Our services are available to individuals and include workshops to help cope with stress, abuse, conflict, death, parenting, discipline, empowerment and working through emotions – free

Dental clinic
Screening and education – free
Extractions, fillings and cleanings are available (no false teeth)
Each procedure – R10
All procedures for children 15 and younger – free

CONTACT
Mahlomola Eric Tau : 082 346 1172




# Congratulate Heilbron Clinic






According to a report received, Heilbron Clinic is the best in the country. It’s maintained the Standard of Platinum throughout, plus the Office of Health Standard Compliance (OHSC).

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00

Elsstraat 42,
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

TRANSNET
PHELOPHEPA
HEALTHCARE TRAIN IS IN TOWN
TRANSNET FOUNDATION

Kroonstad Station, Free State
06 May – 10 May2024
13 May – 17 May 2024

* Operational Days and Times: Mon - Friday (Includes Public Holidays) 7.30am - 4.00pm

Arrive early and remember to bring your clinic card,
Child Immunisation - Parents to bring the Road to Health Book
Treatment is scheduled on a first-come, first-serve basis.

Healthcare
Health education – free
Child Immunisation - Parents to bring the Road to Health Book


Cancer and diabetes educare
Diabetic screenings and cancer education – free
Pap smears – free
Prostate and breast screenings – free
Medicine – R5 per prescription

Eye clinic
Eye tests – free
All glasses – R30
Eye drops – R5
(Eye clinic services do not include operations or bifocals)

Counselling / psychology
Our services are available to individuals and include workshops to help cope with stress, abuse, conflict, death, parenting, discipline, empowerment and working through emotions – free

Dental clinic
Screening and education – free
Extractions, fillings and cleanings are available (no false teeth)
Each procedure – R10
All procedures for children 15 and younger – free

CONTACT
Mahlomola Eric Tau : 082 346 1172
Itumeleng Tau : 072 019 9580



# Jeep bots met trok op Deneysville-pad

Die naweek se botsing tussen 'n Jeep en 'n swaarvoertuig op die Heilbron-Deneysville pad het 'n groot impak gehad op die betrokke persone se lewens. Dit was Saterdagaand omstreeks 21:00 toe die twee voertuie net buite Heilbron kop aan kop gebots het. Die passasierskante van beide voertuie het mekaar getref, en die twee insittendes van die Jeep is as gevolg van die impak van die botsing uit die voertuig geslinger. Dit was 'n erge toneel, en die owerhede en paramedici was dadelik ontbied. Inwoners wat naby die pad woon het nie gehuiwer om bystand te bied nie. Hulle het die drywer van die Jeep probeer kalm hou terwyl daar op die nooddienste gewag is. Volgens kringtelevisie wat die rondte doen, het hierdie persone met gesag opgetree en die situasie goed hanteer. Die insittendes is na Tokollo Hospitaal geneem vir mediese behandeling. Carol Germishuizen, een van die passasiers, is oorgeplaas na Kroonstad en later na Pelonomi Hospitaal in Bloemfontein vir operasies aan haar heup en been. Die bestuurder van die voertuig het ook Woensdag 'n operasie aan sy heup ondergaan. Albei sterk goed aan. Daar is 'n video van die toneel en die beseerdes wat die rondte via WhatsApp doen. Dit is belangrik om te onthou dat sulke video's sensitief van aard is en mense se privaatheid word daardeur aangetas. Mense word aangeraai om die video nie te versprei nie. Die familie van Carol Germishuizen wil graag hul dankbaarheid teenoor Dawid Rossouw en sy span betuig vir hul fantastiese hulp op die toneel, sowel as teenoor Jannie Swanepoel vir sy ondersteuning gedurende hierdie moeilike tyd.



# Inwoners van Heilbron opper hul kommer oor waterprobleme

Die inwoners van Heilbron, insluitend Renè Fourie, Robert Ferendale van die DA en Phillip van der Merwe van die VF+-party, het verlede week 'n kritieke vergadering gereël met Francis Moeketsi oor die aanhoudende waterkwessies in die dorp. Dit kom na 'n tydperk waarin sekere dele van Heilbron vir meer as 'n maand sonder water was, met berigte dat Piercestraat laas op 15 Maart water ontvang het.

Die aanvanklike vergadering wat geskeduleer was vir 15 April, moes uitgestel word weens probleme met die opkoms van raadslede en ander betrokkenes. Dit was 'n frustrasie vir die inwoners wat reeds lankal die impak van die waterkrisis ondervind het. Die hergeskeduleerde vergadering op 17 April het egter 'n bietjie lig gewerp op die situasie.

Op die vergadering is besluit om 'n plan op te stel wat die rotasie van watertoevoer na alle dele van die dorp sou verseker, eerder as om sekere areas ononderbroke van water te voorsien. Hierdie plan behels die beheer van watervloei deur die kleppe in die dorp.

Hoewel hierdie besluit 'n positiewe impak op die dorp gehad het, is daar nog steeds areas wat sukkel om van 'n betroubare watertoevoer verseker te word. Robert van die DA het aangedui dat hy besig is om met Rodger te koördineer om kleppe op spesifieke dae toe te maak vir bepaalde areas, soos Sandersville, om ander dele soos Elsstraat te bevoordeel. Hy noem ook dat hy met Francis gereël het vir nog 'n vergadering vir 'n terugvoeringsverslag.

Een van die uitdagings is dat daar nie 'n duidelike skedule is vir die werking van die kleppe nie, wat beteken dat inwoners dikwels in onsekerheid verkeer oor wanneer hulle water kan verwag. Robert het gesê dat hy alles in sy vermoë doen om te help, maar het ook erken dat dit 'n langdurige en moeilike stryd is. "Mense moet besef dat die grootste probleem van die waterkrisis is Ngwathe se leierskap en dat hulle nie 'n plan maak om aan Randwater 'n betalingsplan voor te lê nie en dat geen onderhandelinge gebeur nie," vertel Robert.

Die waterprobleme in Heilbron is dus 'n voortdurende bron van kommer en frustrasie vir die inwoners, wat hul stemme verhef het om 'n oplossing te eis wat alle dele van die dorp behoorlik van water sal voorsien.



# Troukoors


*Stefan en Chrizelle Ferreira is getroud op 20 April 2024 te Boschrand Lodge Winburg. Stefan is die seun van Stefan Snr en Elena Ferreira van Winburg. Chrizelle is die dogter van wyle Christo Geldenhuys en Riana Greyling vanaf Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Winburg.*

# Joseph se Strewe na Goud:


## *'n Oproep vir Ondersteuning*

Joseph Tutubala, 'n bekende deelnemer aan die Comrades-maraton, beplan om vanjaar sy 29ste wedloop aan te pak. Sy eerste deelname was in 1993, waar hy met 'n indrukwekkende tyd van 06:58:26 'n silwer medalje verower het. In die loop van sy deelname het Tutubala 21 silwer medaljes ontvang en nou streef hy na sy eerste goue medalje. Die Comrades-maraton, wat van Durban na Pietermaritzburg strek oor 'n afstand van 90 kilometer, is 'n uitdaging wat nie ligtelik opgeneem kan word nie. Vir Tutubala is daar egter een groot hindernis wat sy pad na sukses bemoeilik - finansies. Hy doen 'n opregte beroep op die gemeenskap vir hulp om sy drome waar te maak. Tutubala het hardloopskoene en vervoer nodig om sy deelname moontlik te maak. Enige persoon wat bereid is om 'n bydrae te maak, klein of groot, kan hom kontak by 0624621723. Sy hoop is om deur die ondersteuning van medemense sy beste prestasie nog te lewer en die goue medalje te verower wat hom al so lank ontglip het. Die gemeenskap se betrokkenheid en ondersteuning kan die verskil maak in Tutubala se reis na sukses.

# Janie vang graad




*Janie Pretorius, die dogter van Faans en Dia Pretorius, het onlangs haar BEd Graad aan die Noordwes Universiteit met lof voltooi en het ook 'n onderskeiding ontvang. Sy is tans 'n onderwyseres in Koster.*









# Hoërskool Heilbron se toppresteerders






























# Bronnies Kleuterland se leerders geniet leersame uitstappie

Verlede week het die kleuters van Bronnies Kleuterland 'n opwindende en leersame uitstappie gehad. Hulle het verskeie interessante plekke besoek wat hulle wêreld verbreed het. Een van die hoogtepunte van die uitstappie was 'n besoek aan Dr. Marge Baan se spreekkamer. Dr. Baan het die kleingoed gewys hoe om hulle tande mooi op te pas en het hulle verseker dat daar niks was om voor bang te wees nie. Die kleuters was op hulle gemak en het waardevolle kennis oor tandesorg opgedoen. Vrydag het die kleuters Fraaihuis Kwekery besoek, waar hulle 'n opwindende avontuur in die natuur beleef het. Hulle het geleer van verskeie plantjies en het selfs die geleentheid gehad om die hoendertjies en diertjies te vryf. Dit was 'n prettige en opvoedkundige ervaring. Die uitstappie na Dr. Baan se spreekkamer en Fraaihuis Kwekery was 'n sukses en het die kleuters 'n nuwe waardering vir gesondheid en die natuur gegee. Dit is duidelik dat sulke uitstappies 'n waardevolle bydrae tot hul opvoeding maak.







# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **OVENS**
First names: **TARN**
Estate number: **1276/2024**
Identity/passport number: **951108 0053 082**
Date of death: **2/08/2021**
Last address: **FARM BERMUDA 1/470, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE/EH/B0107/**
**DATE SUBMITTED: 2024/04/16**
**FOR PUBLICATION ON: 2024/04/26**

## NOTICE

Estate Late: **JULIA DAVIDS**
Identity No: **510606 0090 081**
Estate No: **001804/2024**
Masters office: **BLOEMFONTEIN**
Date of death: **2023/10/25**
Date of birth: **1951/06/06**
Marital status: **MARRIED IN COMMUNITY OF PROPERTY**
Spouse: **PHILLIP KAUTA DAVIDS**
Identity number: **490412 5119 080**
Last address:**1235 A NEW LOCATION, HEILBRON, 9650**
All persons having claims against the above Estate are called upon to lodge their claims with the Executor(s) concerned within a period of 30 days from the date 2024/04/26.
Any debtors of the estate are requested to pay amounts owing to the executor within the aforesaid period.
**AL VISSER**
**ON BEHALF OF ABSA TRUST**
**KRAMER, WEIHMANN INC**
**PO BOX 12322, BRANDHOF, 9324**
**TEL: (051) 411 4000**
**Ref: LVISSER/MM/KA0098/367267**

## NOTICE

First and Final Liquidation and Distribution Account in the Estate of the late **ANSIE ELIZABETH PIETERS, Identity Number 390422 0015 08 5,** Widow, born on the 22nd of April 1939 and who died on the 15th of July 2023, of Huis Bron-van-Heil, Apartment 27, Nr 1 Langmark Street, Heilbron, 9650.
**ESTATE NUMBER: 8223/2023**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in the above Estate will be open for inspection for a period of 21 (Twenty one) days as from the 26th April 2024 at the offices of the Master of the Free State High Court, Bloemfontein and the Magistrate's Offices, Heilbron.
Dated at Parys on the 18th day of April 2024.
**COETZEES ING**
**ATTORNEYS FOR EXECUTOR**
**25 BUITEN STREET**
**P O BOX 5, PARYS, 9585**
**(REF. MEV Y VAN DEVENTER/MP/MAT 8183)**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T18121/2019** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY in favour of PITSO JOHN MELATO,**
**Identy Number: 690317 5441 08 7 and MANTETENG JEMINA MELATO**
**Identy number: 721118 0343 08 5** in respect of certain **ERF 2346 PHIRITONA EXTENSION 3, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE. IN EXTENT: 379 (THREE HUNDRED AND SEVENTY NINE) SQUARE METERS.**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 23 day of April 2024.
**APPLICANT**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**Address: 40 Church Street, Heilbron, 9650**
**E-mail address: aktesa@corven.co.za**
**Contact number: 058 852 2035**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T1925/2016** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **JOHANNES THABO MOFOKENG Identy number: 830411 5987 08 1** in respect of certain **ERF 5517 PHIRITONA EXTENSION 9, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE. INEXTENT: 455 (FOUR HUNDRED AND FIFTY FIVE) SQUARE METERS.**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 23th day of April 2024.
**APPLICANT**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**Address: 40 Church Street, Heilbron, 9650**
**E-mail address: aktesa@corven.co.za**
**Contact number: 058 852 2035**

# TE KOOP

**WOONHUIS TE KOOP**
3 Slaapkamers, 2 badkamers, een met stort, sitkamer, eetkamer, kombuis, TV Kamer. Woonstel met wasbak & toilet, waskamer met gas geyser, boorgat toegerus, sterk water, naby skool. Enkel motorhuis. Groot toesluit afdak.
Skakel Koos Dreyer
072 669 9967

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.
Kontak gerus vir **Hendie Lötter** by
**071 175 9807**
of **heraldnuus@heilbron.co.za**

E&E REKENMEESTERS
**Tel: 058 30931/2/3**
**Breëstraat 53 • Heilbron**

BELASTINGKLERK VAKATURE

**VERANTWOORDELIKHEDE:**
• Data vaslegging • Opstel van Finansiële state
• Indien van belastingopgawes
• Kantooradministrasie

**VAARDIGHEDE:**
• MS Office (Word, Excel) • Pastel / TurboCash
• Kennis oor SARS E-filing • Rekenaarvaardig
• Goeie menseverhouding en Kommunikasie
• Akkuraatheid van werk • Rekeningkundige en belasting ondervinding sal voorkeur geniet.

Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E & E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.

**AANSOEKE SLUIT 03 MEI 2024**

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**FLU-VACCINE**
***• Heilbron Clinic***
Available at you own clinic for free.






**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE** FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# AP Kerk gholfdag 'n groot sukses

Saterdag het 'n totaal van 48 gholfers gespeel waarvan sommiges nie-gholfers was. Almal het die dag baie geniet en daar was talle waardevolle pryse op die spel. Die twaalf eerste pryse kon die wenners kies tussen 'n halwe skaap of 'n halwe bok.

Willem Loots wen die langste dryf op no 18, Telanie Strydom wen naaste aan die pen op no 4 en Petrus Tshabalala wen naaste aan die pen op no 15.

Die spel was "best drive better ball", waarby twee spanmaats die hoogste IPS punt tussen hulle twee verdien. Die wenners was geklassifiseerd onder gholfers of nie-gholfers. Die wenners in die gholfer kategorië is soos volg: met 55 IPS punte Simon & Thulani Malgas, 49 IPS punte Eben Stander & Jackie Leonard en in die derdeplek ook met 49 houe, Jerry Nhlapo & Steve Maloka.

Die nie-gholfer wenners is soos volg Isak Smit & Gerrit Lambrecht, Danie Blignaut en Jaco Hendriks en in die derdeplek Lucas Swart & Andries Swart.

Bennie Steenkamp het 'n paar items ten bate van die kerk opgeveil, asook 'n wegbreek vir agt persone,. Nadat die spelers, borge en betrokke persone bedank was deur Ds. Willem van Schalkwyk, het almal 'n heerlike steak-ete geniet.

Die volgende borgdag is vir Bronnies Kleuterland op 1 Junie. Dit beloof om 'n heerlike dag te wees, met groot pryse op die spel, asook vermaak vir die kinders. Daar is ook 'n potjiekoskompetisie waaraan deelgeneem kan word. Môre is gewone spel om 10:30 en almal word uitgenooi om saam te speel.


*Ds. Willem van Schalkwyk, Simon & Thulani Malgas (wenners).*


*Ds. Willem van Schalkwyk, Jackie Leonard & Eben Stander (naaswenners).*


*Ds. Willem van Schalkwyk, Steve Maloka & Jerry Nhlapo (derdeplek).*


*Ds. Willem van Schalkwyk, Isak Smit & Gerrit Lambrecht (afwesig) (Nie Gholfers - Wenners).*


*Danie Blignaut & Jaco Hendriks (Nie Gholfers - naaswenners).*


*Lucas Swart & Andries Swart (Nie Gholfers - derdeplek).*











